Stegosaurus

in Wikipedia, die vrye ensiklopedie

'n Model met 'n moderne rangskikking van die stekels (Bałtów Jurassic Park, Pole).



Die grootte van *S. armatus* in vergelyking met 'n mens.

Stegosaurus of **stegosourus** ("bedekte akkedis", met verwysing na sy benerige pantser) was 'n genus Stegosauria-dinosourusse wat sowat 155 tot 150 miljoen jaar gelede tydens die Laat Jura (Kimmeridgium tot vroeë Titonium) geleef het in wat nou westelike Noord-Amerika is. In 2006 is aangekondig dat 'n spesie in Portugal gevind is, wat 'n aanduiding is dat hulle ook in Europa voorgekom het.[1]

Beskrywing

Vanweë sy kenmerkende stekels en plate is *Stegosaurus* een van die herkenbaarste dinosourusse. Minstens drie spesies is bekend uit die oorblyfsels van sowat 80 individue.[2]

Die **stegosourus** was 'n groot, swaar, viervoetige plantvreter. Hy het 'n kenmerkende en ongewone figuur gehad; met 'n groot, ronde rug, kort voorste pote, 'n kop wat hy laag teen die grond gehou het en 'n stywe stert wat hy in die lug gehou het. Daar is al baie gegis oor sy plate en stekels; die stekels is waarskynlik gebruik vir verdediging, en die plate ook vir verdediging, of vir vertoon of hitteregulering. *Stegosaurus* het 'n kort nek en klein kop gehad, wat beteken hy het waarskynlik lae bosse en struike geëet. Hy was die grootste van al die stegosouriërs.

Verwysings

1. Escaso F, Ortega F, Dantas P, Malafaia E, Pimentel NL, Pereda-Suberbiola X, Sanz JL, Kullberg JC, Kullberg MC, Barriga F. (2007). "New Evidence of Shared Dinosaur Across Upper Jurassic Proto-North Atlantic: *Stegosaurus* From Portugal". *Naturwissenschaften* **94** (5): 367–74.

Stegosaurus

Tydperk: Laat Jura

155–150 m. jaar gelede

Pre	Є	O	S	D	C	P	T	J	K	Pg	N

'n Gerekonstrueerde seket van *S. stenops* (Senckenberg-museum).

Wetenskaplike klassifikasie

Koninkryk:	Animalia
Filum:	Chordata
Klas:	Sauropsida
Subklas:	Diapsida
Superorde:	Dinosauria
Orde:	†Ornithischia
Suborde:	†Thyreophora
Familie:	†Stegosauridae
Genus:	†*Stegosaurus* (Marsh, 1877)

Tipespesie

†***Stegosaurus armatus***
(Marsh, 1877)

Spesies

- †***S. armatus*** (Marsh, 1877)
- †***S. stenops*** (Marsh, 1887)
- †***S. sulcatus*** (Marsh, 1887)
- †***S. longispinus*** (Gilmore, 1914)

doi:10.1007/s00114-006-0209-8 (https://dx.doi.org/10.1007/s00114-006-0209-8).
2. Turner, C.E. and Peterson, F., (1999). "Biostratigraphy of dinosaurs in the Upper Jurassic Morrison Formation of the Western Interior, U.S.A." Pp. 77–114 in Gillette, D.D. (ed.), *Vertebrate Paleontology in Utah*. Utah Geological Survey Miscellaneous Publication 99-1.

Sinonieme

- ***Hypsirophus*** (Cope, 1879)
- ***Diracodon*** (Marsh, 1881)

Stegosaurus

Kladistiese klassifikasie

Koninkryk:	Animalia
Filum:	Chordata
Klade:	Dinosauria
Orde:	†Ornithischia
Suborde:	†Stegosauria
Familie:	†Stegosauridae
Genus:	†*Stegosaurus* (Marsh, 1877)

Normdata	BNF: cb13327746f (https://catalogue.bnf.fr/ark:/12148/cb13327746f) (data) (https://data.bnf.fr/ark:/12148/cb13327746f) · LCCN: sh88000346 (https://id.loc.gov/authorities/subjects/sh88000346)
Taksondatabasisse	Wd: Q14388 · Fossilworks: 38814 (http://fossilworks.org/bridge.pl?a=taxonInfo&taxon_no=38814) · GBIF: 230581 (https://www.gbif.org/species/230581) · iNaturalist: 473676 (https://www.inaturalist.org/taxa/473676)

Ontsluit van "https://af.wikipedia.org/w/index.php?title=Stegosaurus&oldid=2218243"

Die bladsy is laas op 26 Junie 2020 om 09:00 bygewerk.

Die teks is beskikbaar onder die lisensie Creative Commons Erkenning-Insgelyks Deel. Aanvullende voorwaardes kan moontlik ook van toepassing wees. Sien die Algemene Voorwaardes vir meer inligting.